# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (17/15)*

justchad_cga

*Justin Chadwick (8 Mei 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "You are free to choose but you are not free from the consequences of your choice" A Universal Paradox***

## VIËTNAM

In 2014 het die Fruit SA afvaardiging in Hanoi, Viëtnam in 'n klein, stampvol lughawe aangekom; lang rye by paspoortbeheer, 'n gewoel by die bagasiebande en geraas en chaos in die stampvol pad buite die lughawe. Hierdie jaar het ons by 'n splinternuwe lughawe aangeland, 'n groot gebou – geen rye by die paspoortbeheer nie, baie bagasiebande en stilte en orde in die aankomsgedeelte. 'n Nuwe dubbelbaan snelweg oor 'n skouspelagtige brug bring jou binne minute in Hanoi; gaan tuis in die grootste gebou (die Lotte Hotel – volgens my ondervinding die beste diens wat ek nog regoor die wêreld ervaar het). Dit versinnebeeld "VIETNAM ON THE MOVE" – 'n jong land met opwindende vooruitsigte.

Die besoek was egter nie om Trip Advisor op te dateer nie – die CGA se prioriteit was om die vordering met die aansoek vir toegang vir lemoene te evalueer, en meer uit te vind omtrent die mark vir ingevoerde sitrus.

Na 'n effense deurmekaarspel is daar vasgestel dat die Viëtnamese Afdeling: Plantbeskerming (PPD) wel die inligting oor die pes risiko analise (PRA) van soet lemoene van Suid-Afrika ontvang het en die proses is nou in hul hande. Die inliging wat in Februarie 2015 verskaf is word deur die betrokke tegnici geevalueer: sodra hierdie assessering afgehandel is sal volledige invoervereistes opgestel word en 'n besoek aan Suid-Afrika sal gereël word. PPD is ingelig dat die Suid-Afrikaanse sitrusseisoen begin het en 'n versoek is gerig om so 'n besoek te bring voor die einde van die 2015-seisoen. Daarbenewens moet die besoek alle sitrus tipes insluit (lemoene, pomelo's, suurlemoene en sagte sitrus) omdat dit op dieselfde plase verbou word en omdat dieselfde pakhuise, vervoer en hawens gebruik word.

Ingevoerde vrugte in Viëtnam is baie duur; party van die pryse in die supermarkte en klein winkeltjies was R305/Kg vir kersies van die VSA; R77/Kg vir druiwe van Nieu-Seeland; R95/Kg vir appels van die VSA en R55/Kg vir nawels van die VSA. Tydens gesprekke met die invoerders blyk dit dat meeste (indien nie alles) van hierdie produkte per lug na Viëtnam vervoer word wat vir hierdie buitensporige pryse verantwoordelik kan wees. Hierdie hoë pryse van ingevoerde vrugte is slegs bekostigbaar deur die hoë inkomste koper wat die volumes wat verkoop word ernstig beperk. Meeste invoerders is versigtig omtrent die oorweging van seevervoer – alhoewel diegene wat al vars produkte per see na Viëtnam verskeep het, dit gunstig ondervind het.

Meeste van die ingevoerde vrugte word deur middel van groothandelaars verkoop – wat dit dan weer aan supermarkte wat orals in die stad voorkom, verkoop. Die neiging om by supermarkte te koop is nog in sy kinderskoene in Viëtnam. Met betrekking tot sitrus geniet nawels voorkeur (die persepsie is dat Valencia tipes nie soet genoeg is nie). Volgens onlangse mediaberigte het Viëtnamese vrugte en groente uitvoere VSA$ 274 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 2015 bereik; op met 13% van die 2014 vlakke; terwyl oor dieselfde periode, invoere geval het met 42% (na VSA$ 53 miljoen).

CGA en FPEF lede kan 'n volledige verslag oor die besoek aan Viëtnam kry deur 'n epos aan justchad@iafrica.com of anton@fpef.co.za te stuur.

Weereens is ons verstom deur die ondersteuning van ons Ambassade personeel in Hanoi. Ons het Ambassadeur Magau ontmoet wat 'n lewende belangstelling het in die uitbreiding van toegang vir Suid-Afrikaanse vrugte, en ons is tydens die hele besoek deur Mat Matiwane en Marida van der Westhuizen-Nel vergesel. Mnr Hung het as tolk, toergids en fotograaf opgetree – 'n fantastiese bate by die Ambassade!!

Die afvaardiging in nou in Thailand.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Satsuma seisoen is amper klaar met 90% van die 1 809 000 kartonne wat tot op datum gepak is. Soos in vorige jare is die meeste van die sagte sitrus wat tot op datum verskeep is, na die VK (2014 55%; 2015 56%) gestuur. Russiese invoere het gestyg (2014 8%; 2015 16%) ten koste van Noord-Europa (2014 32%; 2015 23%). Met 2.3 miljoen kartonne van die suurlemoene wat alreeds verskeep is, het die Midde-Ooste al 53% (2014 39%) ontvang; die Verre Ooste het vanaf 13% tot 20% gestyg; terwyl Rusland se verskepings van 28% tot 13% gedaal het.

| Tot einde Week 18 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 4.4 m | 3.9 m | 3.3 m | 1.9 m | 1.3 m | 15.3 m | 15.7 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 2 m | 2 m | 2.1 m | 1.7 m | 1.7 m | 10 m | 10 m | 10 m |
| Suurlemoene | 2.7 m | 2.7 m | 3.1 m | 2 m | 2.3 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 0.6 m | 0.4 m | 0.4 m | 0.1 m | 0.1 m | 25.1 m | 25.1 m | 26 m |
| Valencias | 0.1 m | 0.1 m | - | - | - | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 9.9 m | 9.1 m | 8.9 m | 5.7 m | 5.4 m | 113.1 m | 113.5 m | 115.7 m |